Sondag **11 Augustus**

**Skrifgedeelte: Job 34:10-15**

**Fokusgedeelte: Job 34:12**

## Wanneer slegte dinge met goeie mense gebeur

Die vraag is so oud soos die mensdom self: "Waarom gebeur slegte dinge met goeie mense?" Hierdie vraag is egter nie heeltemal so oud soos die mensdom self nie. Voor die sondeval het die mens nie hierdie vraag gevra nie, omdat daar geen swaarkry was nie. Tragedie, pyn, hartseer en rampe is die direkte gevolg van die sondeval. Dit het eerstens tot gevolg dat ons ons lyding met ons verdorwe verstand probeer verstaan. Tweedens moet ons onthou dat selfs ons beste werke so vol sonde is dat ons niks van God verdien nie – allermins sy seën.

In die boek Job sien ons die worsteling met hierdie vraag in 'n tweegesprek tussen Job en sy vriende. Job se vriende is oortuig dat daar sonde in Job se lewe moet wees waarvoor hy gestraf word, en daarom gaan dit so sleg met hom. Job hou egter vol dat hy niks verkeerd gedoen nie – sodanig dat hy God se geregtigheid bevraagteken!

In ons gedeelte maak Elihu dit baie duidelik dat God nie onregverdig KAN wees nie. Hy is immers God, en sy hele wese is geregtigheid. Hy is die Almagtige Skepper van hemel en aarde, en ons as sy skepsels kan Hom nooit bevraagteken nie. Hy het ons met sy hande gevorm en sy lewensasem in ons geblaas. Alles wat ons is en het, kom van God af – ons kan op niks aanspraak maak nie. Ons verdorwe verstand maak dit onmoontlik vir ons om God se almag en sy gevolglike optrede te verstaan. Al waaraan ons kan vashou, is dat wat Hy ook al laat gebeur, in sy liefdevolle regverdigheid omvat is.

God demonstreer sy regverdigheid vir ons in Jesus Christus. Vir ons sonde verdien ons niks anders as die ewige dood nie. God se regverdigheid kan hierdie onreg nie ignoreer nie – dit moet gestraf word. Maar God put geen sadistiese genot daaruit om ons te laat ly vir ons sonde nie. Nee, Hy straf ons sonde aan Jesus, sodat ons regverdig voor Hom kan staan. En wanneer Jesus uit die dood opstaan, dan weet ons dat alle pyn en lyding in hierdie wêreld reeds deur Hom oorwin is.

Wanneer die seer van hierdie wêreld ons wil oorweldig, kan ons vashou aan die Almagtige God wat regverdig regeer, en weet dat niks ons van sy liefde in Christus kan skei nie.

*Sing: Psalm 73-1:1, 6*

*Ds. JD (Dreyer) Potgieter (Meyerspark)*